# VISUELE GELETTERDHEID

In die didaktiekhandboek **Taalkonteks** word die volgende baie belangrike stelling gemaak:

**" Die mens word deesdae al hoe meer met visuele tekste gebombardeer, want die wêreld is vandag grotendeels 'n visuele wêreld……. So kyk kinders byvoorbeeld baie meer televisie as wat hulle hul met geskrewe tekste besig hou. Dit is daarom uiters nodig dat kinders leer hoe om die visuele boodskappe wat hulle daagliks teëkom, in byvoorbeeld koerante, tydskrifte, advertensies, televisie en video's te begryp en te interpreteer. (p.77)**

Uit bogenoemde aanhaling is dit dus duidelik dat leerders bemagtig moet word om visueel na tekste te kyk.

**Wat is visuele geletterdheid?**

Visuele geletterdheid is die vermoë om beelde, tekens, prente, visuele simbole, ens. te lees/teken/skryf. (Nasionale Kurrikulumverklaring vir Tale, Afrikaans Huistaal, p. 85)

Visuele geletterdheid verwys na die vaardigheid om 'n visuele teks se inhoud te bestudeer, analiseer en interpreteer. (Taalkonteks p.77)

**Wat is visuele tekste?**

Die volgende is visuele tekste:
- Ikone
- Tekens
- Inligtingstukke (brosjures, strooibiljette)
- Gravures
- Graffiti
- Illustrasies
- Plakkate
- Grafiese speletjies
- Grappe (geïllustreer)
- Spotprente
- Padtekens
- Kaarte
- Foto's
- Beelde, modelle
- Skyfies
- Prente
- Simbole
- Advertensies
- Transparante
- Strokiesprente en -verhale
- Skilderye, tekeninge
- Video's, rekenaarbeelde
- TV-programme

**Hoe verskil visuele tekste van geskrewe tekste?**

Wanneer 'n geskrewe teks gelees word doen die leerder die volgende:

- hy/sy is skeppend by die betekenisgewing betrokke,
- hy/sy gee visuele betekenis aan die geskrewe teks,

- hy/sy vul die oop plekke,
- hy/sy skep ’n sekondêre wêreld.

Wanneer ’n visuele teks gelees word doen die leerder die volgende:

- interpreteer die vaste gegewe wat die teks bied omdat die teks ’n vaste gegewe is wat nie verander kan word nie.
- interpreteer die teks uit sy/haar bepaalde persoonlike en kulturele verwysingsraamwerk (ervaring).

**Kenmerke van visuele tekste**

- Visuele tekste is baie sterk omdat die leerder (kyker) so betrokke daarby is.
- Dit word geskep met die doel om die leerder (kyker) te beïnvloed.
- Die werklikheid wat in visuele tekste geskep word is nie noodwendig die “werklike” werklikheid nie.
- Visuele tekste het ’n baie spesifieke doel en daarom moet die leerder (kyker) hom-/haarself altyd afvra wat die teks wil bereik.
- Dit het altyd ’n oppervlakkige en werklike verskuilde boodskap.
- Dit maak van oorredingsmetodes gebruik.

**Eienskappe van visuele taalgebruik**

- As visuele tekste geïnterpreteer word maak die leerder van sy/haar ou kennis gebruik.
- As die leerder na die visuele teks kyk maak hy/sy van sy verworwe kennis (verwysingsraamwerk) gebruik.
- Elke leerder sal elke visuele teks verskillend interpreteer omdat sy/haar kennis en verwysingsraamwerk verskil.
- By die interpretasie van visuele tekste speel kultuur- en opvoedingsraamwerke ’n baie belangrike rol. Dit is dus die verantwoordelikheid van die onderwyser om die verwysingsraamwerk en kulturele geletterdheid van die leerder te ontwikkel.
- Elke visuele teks maak van universele patrone gebruik wat dan ’n standaard respons (reaksie) van die leerder ontlok.
- Visuele tekste moet ook binne konteks verstaan word. As die konteks van die advertensie nie verstaan word nie kan die leerder nie die teks lees nie.

**Belangrike terminologie**

**teken:** ’n teken het binne ’n bepaalde konteks betekenis. So verwys die hamer en sekel na kommunisme en ’n sekel alleen na die instrument wat in die verlede gebruik is om onder andere koring mee te sny.

**simbool:** ’n teken/voorwerp wat ’n ander saak verteenwoordig; ’n tradisionele simbool soos ’n *kruis* is as beeldspraakvorm nie net ’n afbeelding van die werklikheid nie, maar dit kry ook ’n dieper betekenis deurdat dit na iets anders verwys; ’n **t**eken met ’n vaste simbool byvoorbeeld die duif wat vrede simboliseer

**beeld:** ’n prent of visuele voorstelling

**grafiese voorstelling:** produkte van die visuele en tegniese kunste soos teken, ontwerp; lewendig beskrywende, skilderende voorstelling

**ikoon:** afbeelding wat gebruik word in die plek van iets anders. (rekenaarikone)

**visuele voorstellings:** boodskappe wat deur middel van die sintuig van gesig oorgedra word (bv. foto's, spotprente, modelle, tekeninge, skilderye, rekenaarbeelde)

**indeks:** 'n teken wat wys na die objek waarvan dit'n teken is byvoorbeeld 'n skaduwee in 'n prent wat aandui dat iemand teenwoordig is.

**denotasie:** dit wat die begripsinhoud weergee of saamvat; die letterlike betekenis van 'n word of uitdrukking; woordeboekbetekenis van 'n teken of 'n term.

**konnotasie:** wat gesuggereer word deur 'n word of ding, dieperliggend as die letterlike of eksplisiete betekenis**;** ander betekenis van 'n teken.

**afgeleide betekenis:** die skep van betekenis uit wat geïmpliseer word om 'n nuwe begrip te vorm; dit wat tussen die reëls staan

**geïmpliseerde betekenis:** betekenis wat gevolgtrekking inhou of toelaat; betekenis wat nie eksplisiet in die teks uitgedruk word nie

**gevoelstaal:** (ook *emosionele taal*) **–** taal en styl wat persoonlik is; sterk gevoelens wek; teenoorgestelde van nugtere, saaklike taal

**assosiasie:** wanneer ons iets assossieer met iets anders (gebeurtenis, persoon, ervaring).

**metafoor:** gebruik een ding om 'n ander met soortgelyke eienskappe te beskryf; beknopte vergelyking- iets word direk in die plek van iets anders gestel.

**samelewingsmites:** die interpretasie van 'n visuele teks word bepaal deur die kultuur van die gemeenskap vir wie die teks bedoel is.

**Visuele tekste het betrekking op LU 2 en die volgende AS'e:**

- **Die leerders verskeie lees- en kykstrategieë vir begrip en waardering toon**
- **Die leerders die betekenis van 'n wye verskeidenheid geskrewe, visuele, oudio- en oudiovisuele tekste kan verduidelik (Graad 10, HT, EAT; Grade `10-12, TAT) en evalueer (Graad 11 -12, HT, EAT)**

**Assessering van visuele tekste**

Die volgende moonlikhede kan in gedagte gehou word tydens die bestudering en assessering van visuele tekste:

Wat kry die skerpste fokus in die teks?
Hoe word daar na tyd in die spotprent, illustrasie, tekenprent verwys?
Watter simbole en tekens kom in die spotprent voor?
Watter leidrade word aangetref?

Wat is die simboliek/betekenis van elk van die leidrade? Waarna verwys elkeen?
Beteken hierdie simbole en tekens dieselfde vir alle mense?
Hoe vul beeld en woord mekaar aan?
Vergelyk die gesigsuitdrukkings van die verskillende karakters.
Verduidelik wat elke karakter in die prent doen.
Wat gaan met X aan? Hoekom tree hy so op?
Wat is die rol van die agtergrond in die prent?
Op watter manier is die kunstenaar se siening in die prent teenwoordig?

**Voorbeeld** (Nasionale Senior Sertifikaat Afrikaans Eerste Addisionele Taal Model Vraestel 1, 2008, Departement van Onderwys):

**STROKIESPRENT**

- Lees die onderstaande strokiesprent oor dr. Duncan en sy seun, Jeremy, en beantwoord die vrae.




[Uit: *Beeld*]

1. Watter liggaamstaal van dr. Duncan in Raampie 1 pas by die woorde wat hy sê?

2. Waarom is daar 'n donker wolk bo dr. Duncan se kop in Raampie 3?

Antwoorde:

1.
- hy krap sy kop/voorkop
- hand in die sy

2. dr. Duncan is
- baie kwaad / smoorkwaad
- gefrustreerd
- geïrriteerd
- moedeloos
- hy voel soos 'n donderwolk / onweerswolk

Die volgende moonlikhede kan in gedagte gehou word tydens die bestudering en assessering van **advertensies**:

Waarop word gefokus?

Watter menslike swakheid word geteiken?
Hoe word die swakheid uitgebuit?
Watter oorredingsstrategieë word benut?
Hoe word kleur gebruik?
Watter samelewingsmites word gebruik?
Sê in jou eie woorde wat die advertensie eintlik vir die kyker probeer sê.

**Voorbeeld** (Nasionale Senior Sertifikaat Afrikaans Eerste Addisionele Taal Vraestel 1, November 2008, Departement van Onderwys)

**Advertensie**
Kyk na die onderstaande advertensie van *Heart Smart*-tablette en beantwoord die vraag.




[Aangepas uit: *Sarie*, September 2003]

Hoekom pas die woorde in die advertensie by die prentjie van Kupido en sy gebreekte pyltjie?

**Antwoord:**
- Dit demonstreer/beklemtoon dat die medisyne/*Heart Smart* tablette/die hart **sterk maak**
- Sodat die hart beskerm is teen pyn/skade

Bronnelys:

Askes, A., 1993. **Kommunikatiewe Tweedetaaltoetsing.** Acacia
Combrink,L. e.a. 1997. T**aalkonteks.** Juta
Kilfoil, W.R. e.a.1993. **Learn 2 Teach**. Academica

Mari Smit (Vakadviseur, Vrystaat Onderwysdepartement, 2009)
Braam Ras (Kurrikulumspesialis: Tale, Departement van Onderwys, 2009)